At the handover was Stellenbosch Cllr Aldridge Frazenburg, Drakenstein City Manager, Dr Johan Leibrandt, Stellenbosch mayor Gesie van Deventer, Cllr Paul Biscombe (Stellenbosch Chief Whip), Deon Louw (Stellenbosch Municipality) and Cllr for Pniël Malcom Johnson.

Network handover in Pniël

On Friday 15 February the long-awaited switchover of the Pniël electricity network from the Drakenstein Municipality to the Stellenbosch Municipality took place.

This is an important event in the lives of the affected Pniël (including residents of Meerlust, Hollandsche Molen and neighbouring farms) residents and businesses. Household and commercial consumers will benefit financially from this switchover and residents will now receive a single account from one municipality instead of two accounts from two municipalities. The transfer means that all of Pniël's basic services will now be provided by the Stellenbosch Municipality.

To make this project a reality the Stellenbosch Municipality paid R16,2 million and the additional R1,5 million for metering and connection changes to Drakenstein Municipality.

Since before 1994, the picturesque village of Pniël, located in the heart of the Winelands, received their electricity from the then Paarl Municipality. Pniël however forms part of the greater Stellenbosch Municipality and receives all its other basic services from Stellenbosch Municipality. Up until now, the residents of Pniël received two municipal bills and had to pay two municipalities for services.

"This will also make electrical upgrades and maintenance in Pniël easier, as we are now in full control of managing the electrical infrastructure for the first time. The switchover will also translate into better planning and new opportunities for the residents. The best news for residents is that Stellenbosch Municipality has more affordable tariffs for responsible users," said Stellenbosch mayor, Gesie van Deventer.

According to Van Deventer, LifeLine users who consume approximately 100 kWh (100 units) per month will pay 5% less. Residents with a 30 amp connection and who use approximately 400 kWh per month will pay 35% less for their electricity while homes with a 40 amp connection and 600 kWh use will save 19% on their electricity bill.

"The takeover of the Pniël electricity network is a significant legacy project and milestone for the community of Pniël. We look forward to working with residents to address any potential electricity concerns and ensure the continuous delivery of the best possible services," Van Deventer said.

Ontdek proe-proe by die US Woordfees

Skaapvleis uit die Hardemanskaroo tot die Kamdeboo, Qualité-kase, veldgrasvleis en wildsvleis asook Suid-Afrika se Top-10-sauvignon blanc- en ander bekroonde wyne is van die interessante proe-ervarings wat op fynproewers by die vierde jaarlikse Agri-Expo Landbouproe-reeks by die US Woordfees wag.

Johan Ehlers (uitvoerende hoof van Agri-Expo), die Kaapse wynmeester Bennie Howard, die glanssjef Bertus Basson en Marina Bester van Skaapvleis SA by die jaarlikse Agri-Expo Landbouproe-reeks by die US Woordfees.

Die Woordfees is van Vrydag 1 tot Maandag 10 Maart in Stellenbosch.

Dié gewilde reeks bestaan vanjaar uit nege pas-en-proe-sessies met bekende kos- en wynpersoonlikhede.

Wat is die storie agter die kos wat jy elke dag eet? Sondag 3 Maart kan jy proe-proe saam met die Veldvleis-vereniging van Suid-Afrika kom leer hoe die verskillende maniere waarop ons kos produseer en verwerk, unieke smake teweegbring.

Die aanbieder, die glanssjef Bertus Basson van Overture-restaurant-faam, sal konvensionele lendesnit of kruisskyf sowel as veldgrasvleis onder die vergrootglas plaas. Kenners gesels so tussen die proe deur oor hoekom "naspeurbaar" die nuwe gonswoord is.

Dis nie elke dag dat die koning van die Karoo, Gordon Wright, saam vir Sondagmiddagete aansit nie. Jy kan Sondag 10 Maart by hom aansluit vir 'n braai in samewerking met Skaapvleis SA, met skaapvleis uit die Overberg, die Hardemanskaroo en die Kamdeboo.

Wright, die skrywer van die topverkopers *Farm to Fork* en *Karoo Food*, sal gesels oor hoe Suid-Afrikaanse skaapvleis deel van die internasionale "Slow Food"-beweging vorm en 'n nasionale skat geword het.

'n Opwindende eerste is die pas-en-proe van bekroonde Qualité-kase met van Suid-Afrika se Top-10-sauvignon blanc-wyne Woensdag 6 Maart. Die Qualité merk van gehalte word jaarliks by Agri-Expo se Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskap aan uitnemende suiwelprodukte toegeken. Slegs 13 uit altesaam 563 kase het dié prestigeprys in 2018 ontvang. Dit is soos die Oscars, net met 'n bietjie meer kultuur.

RJ Botha, voorsitter van die Sauvignon Blanc-belangegroep, sal van die wenners van die 2018- Sauvignon Blanc- Top-10-kompetisie bespreek.

"Wit & rooi: Versnitte eie aan die Kaap" Dinsdag 5 Maart is nog 'n nuwe proe-ervaring in samewerking met Cape Vintner Classification (CVC) wat eiesoortige terreinspesifieke Kaapse ikoonwyne bevorder.

Die internasionaal bekende Franse Bordeaux- wit- en rooiwyne is meestal versnitte van verskillende kultivars wat mekaar aanvul.

Kom ervaar eerstemonds saam met wynmakers van Kanonkop en Vergelegen hoe hierdie beginsel op eie bodem toegepas word.

Sjef Bertus bied Vrydag 1 Maart weer die gewilde proe van Merino-lambsboud uit verskillende streke in samewerking met Merino SA aan. Die vleis is van Merino-lam wat telkens ewe oud is, ewe lank verouder en op dieselfde wyse sonder enige geur-middels gaargemaak is.

Gaste kan dus die smaak en geure van die verskillende streke proe en self besluit watter streek se lam die beste smaak.

Die bekende Kaapse wynmeester en Veritas-visevoorsitter, Bennie Howard, sal die perfekte Veritas-bekroonde rooiwyne as pasmaats skink.

Donderdag 7 Maart volg 'n unieke Merinolam-proe van Konsortium-Merino, bekend vir hul aanpasbaarheid – van die Boesmanland tot op die Hoëveld, sowel as in die Overberg, die Karoo en die Oos-Kaap.

Fynproewers kan lamsboude uit vyf verskillende streke saam met Veritas-bekroonde rooiwyne proe.

Die lamsvleis is weereens ewe lank verouder en word deur sjef Bertus op dieselfde wyse gaargemaak – weer eens sonder enige geurmiddels.

Mense by die Shiraz-en-Wildsvleisproe Saterdag 2 en 9 Maart sal ervaar hoekom Suid-Afrikaanse shiraz-wyne as van die beste pasmaats vir wildsnitte beskou word.

Edmund Terblanche, voorsitter van Shiraz Suid-Afrika, asook keldermeester en bekroonde wynmaker van La Motte-wynlandgoed, kom deel sy kennis terwyl sjef Bertus verskillende wildsnitte – sonder enige tierlantyntjies soos konfyte, souse of speserye – voorsit.

Die bekroonde Charles Back van Fairview is terug as die aanbieder van 'n kaas-en-wyn-proe Vrydag 8 Maart met vermaaklike stories oor hoe nuwe kaassoorte en wynstyle geskep word.

Johan Ehlers, uitvoerende hoof van Agri-Expo, sê hulle as landbou-genootskap bevorder die beeld van landbou op opwindende maniere.

"Hierdie inisiatief by die US Woordfees, in samewerking met ons vennote – die Sauvignon Blanc Belangegroep, Skaapvleis SA, Merino SA, Shiraz SA, Fairview, CVC, Konsortium Merino, Veritas en die Veldvleisvereniging – skep 'n toeganklike en vermaaklike platform om kennis oor die oorsprong van landbouprodukte te bevorder," aldus Ehlers.

Al die proesessies vind van 12:00 tot 12:45 by Die Khaya in Ryneveldstraat, Stellenbosch, plaas.

Kaartjies wissel van R110 tot R160.

'n Beperkte aantal kaartjies is by Computicket beskikbaar.

Besoek www.woordfees.co.za of www.agriexpo.co.za vir nog inligting.

Guillaume Nel environmental consultants

PUBLIC PARTICIPATION PROCESS
GNEC Reference No: 20474
DEA&DP Reference: 16/3/3/6/7/1/B3/28/1037/18

PROPOSED MIXED USE DEVELOPMENT ON ERVEN 13480 AND 21128, PAARL

Project Proposal: Application is made by Drakenstein Municipality for the development of a Mixed Use Development on Erven 13480 and 21128, Paarl. The proposed development includes the construction of 565 housing units consisting of single residential and row housing (duplexes), a mixed land use area including commercial and residential opportunities, community facilities and public open spaces.

Location: The proposed site is located south of the R101 (Langenhoven Avenue), north of the N1, east of the Boland Agricultural Show Grounds and west of Sonstraal Road in the Amstelhof area in Paarl.

Application for environmental authorization to undertake the following activity:
EIA activities: Listing Notice 1 (GN No. R. 983) Activity 27

Opportunity to participate: Individuals Interested and/or affected by the proposed project are invited to register with Guillaume Nel Environmental Consultants as an Interested and Affected Party (I&AP). I&APs should **refer to the GNEC reference number 20474 in all correspondence**, and must provide their details including: Name, contact details, preferred method of correspondence (e.g. e-mail address or fax number) and an indication of any direct business, financial, personal or other interest which they have in the application to the contact person indicated below within 30 days from the date of this notice **(22 February 2019 - 29 March 2019)**. A copy of the document currently under review will be available at the Paarl Public Library (Tel: 021 807 4871, 1 Market Street, Paarl) as well as on the GNEC website (www.gnec.co.za).

For more information contact: **Mrs Euonell Visagie**, Guillaume Nel Environmental Consultants, PO Box 2632, Paarl, 7620, (Tel): **021 870 1874** (Fax) **021 870 1873**, e-mail: **eg@gnec.co.za**

0000000-PL210219

WP Blood Transfusion Service
Do something remarkable
t: 021 507 6300 • www.wpblood.org.za
SMS 'bloed' na 33507 en ons skakel u terug (R1.50 per SMS)
#DonateBlood #WPBlood #3LivesSaved

DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA
Paarl | Wellington | Gouda | Saron | Simondium

KONSEP INFORMELE HANDEL VERBETERINGSTRATEGIE

Kennis geskied hiermee dat die Raad van voorneme is om die Informele Handel Verbeteringstrategie vir Drakenstein Munisipaliteit aan te neem. Belang-stellende en geaffekteerde partye word hiermee uitgenooi om skriftelike kommentaar te lewer gedurende die 30 dae advertensietydperk.

Die konsep Informele Handel Verbeteringstrategie is beskikbaar by alle openbare biblioteke binne die munisipale gebied en op die munisipale webwerf www.drakenstein.gov.za

Die konsep Informele Handel Verbeteringstrategie is ook beskikbaar by die Ekonomiese Groei en Toerisme-kantoor, 5de vloer, Nedbank-gebou, h / v. Bredastraat en Bergrivier Boulevard, Paarl. Die volgende beamptes sal u te hulp staan:

- Mnr. Ntobeku Vacu by 021 807 4740 of e-pos by Ntobeku.Vacu@drakenstein.gov.za
- Mev. Silwie Swartz by 021 807 4776 of e-pos by silwie.swartz@drakenstein.gov.za

Kommentaar kan skriftelik by die Stadsbestuurder, Drakenstein Munisipaliteit, Posbus 1, Paarl, 7622 ingedien word nie later nie as Maandag, 25 Maart 2019.

DR JH LEIBBRANDT
STADSBESTUURDER
Paarl Post - 21 Februarie 2019

DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA
Paarl | Wellington | Gouda | Saron | Simondium

DRAFT INFORMAL TRADING ENHANCEMENT STRATEGY

Notice is hereby given that Council intends to adopt the Informal Trading Enhancement Strategy for Drakenstein Municipality. Interested and affected parties are hereby invited to submit written comments during the 30 day advertising period.

The draft Informal Trading Enhancement Strategy is available at all public libraries within the municipal area and on the municipal website www.drakenstein.gov.za

The draft Informal Trading Enhancement Strategy is also available at the Economic Growth and Tourism office, 5th floor, Nedbank Building, cnr. Breda Street and Berg River Boulevard, Paarl where the following officials can assist:

- Mr. Ntobeku Vacu at 021 807 4740 or email at ntobeku.vacu@drakenstein.gov.za
- Mrs. Silwie Swartz at 021 807 4776 or email at silwie.swartz@drakenstein.gov.za

Comments can be submitted in writing to the City Manager, Drakenstein Municipality, PO Box 1, Paarl, 7622 by no later than Monday, 25 March 2019.

DR JH LEIBBRANDT
CITY MANAGER
Paarl Post - 21 February 2019

0000000-PL210219